



MPO Aanwyser 5/2019 (12 Nov 2019)

## MELKBOERE MOET BEPLAN OM ONVERWERKTE MELKPRODUKSIE MET MINDER AS 2% PER JAAR TE GROEI

Dit is natuurlik makliker gesê as gedaan, maar uiteindelik is dit die enigste manier waarop ondernemings aan die begin van die waardeketting 'n omgewing kan skep waar produsentepryse progressief sal wees. Die huidige droogte en hoë temperature gaan reeds die huidige jaar se produksie verminder maar dit gaan oor beplanning in normale omstandighede. Die beplanning per melkboerdery moet daarop fokus om die melkprys te optimeer, in teenstelling met die strik om omset te jaag solank as veranderlike koste gedek word. Die optimering van die produsenteprys gaan egter nie so maklik wees nie, maar dit is die enigste manier om voldoende kapitaalopbrengste te bewerkstellig. Dit word bemoeilik deur die klimaat waarvoor produsente geen invloed het nie, die vlak van produsentepryse nege maande later nadat kuddebeplanning gedoen is en waar die prysvlakke dan 'n verrassing vir die boer is en baie ander faktore.

Gedrag op melkplaasvlak word aangedryf deur, solank die onderneming veranderlike koste dek en 'n bydrae tot vaste koste lewer, of slegs veranderlike koste dek gaan produksie voort. Produksie sal gehandhaaf word totdat surplusfondse/lenings wat die vaste koste dek, uitgeput is. Die belangrikste dryfveer hier is om kapitaal wat in die onderneming gesink word te beskerm, maar hierdie gedrag vererger die probleem van hoë produksiegroei in onverwerkte melkproduksie. Die gedrag is omstandigheidsspesifiek en weerspieël nie die ekonomiese beginsel van optimale produksie waar marginale koste gelyk is aan die marginale inkomste nie. Dit lyk asof hierdie omstandigheid meer gereeld voorkom en dit is as gevolg van voortgesette lae produsentepryse. Die belangrikste bydraende faktor tot lae pryse is dat die groei in onverwerkte melkproduksie in Suid-Afrika te hoog is. Neem die onderstaande tabel as voorbeeld.

Die tabel illustreer die groei (%) in die onverwerkte melkproduksie in die belangrikste suiweluitvoerlande en Suid-Afrika. Suid-Afrika word in die tabel ingesluit om slegs perspektief te gee, aangesien ons nie 'n noemenswaardige speler op die internasionale mark is nie.

	2015	2016	2017	2018
VSA	1,2	1,6	1,7	1,1
EU	2,1	0,2	2,1	1,4
AUS	2,2	-6,9	0	0,9
NZ	-1,4	-2,0	1,7	1,3
ZA	6,4	-0,5	3,0	4,8

Dit is duidelik dat die groeifaktor in onverwerkte melkproduksie in die belangrikste suiweluitvoerlande klein is in vergelyking met die van Suid-Afrika. Die tipiese getalle is een en twee persent oor die afgelope vier jaar wat daarop dui dat hierdie kraghuise in die internasionale mark strategies onverwerkte melkuitbreiding beperk/beplan, ondanks die feit dat hulle groot spelers in die internasionale mark is. Daar kan verskillende faktore in die mark wees wat hierdie verskynsel skep, maar waarskynlik is dit die onvermoë om die hoër aanbod te absorbeer wat die mark aansienlik ontwrig, met die gevolg dat pryse daal.



Hoe om 'n ingesteldheid onder melkboere te skep om slegs 'n groei van twee persent in onverwerkte melkproduksie te beplan, word nie deur die aanwyser gedek nie. Die MPO wil boere uitnoui om deel te neem aan 'n zoom-gesprek rakende die onderwerp. Die datum en tyd sal bekend gemaak word.

**Bertus van Heerden, hoofekonoom, Melkprodusente-organisasie (MPO)**